



**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

GRAAD 12 AFRIKAANS HUISTAAL WINTERSKOOL 2014

VRAESTEL 1, AFDELING C

(TAAL IN KONTEKS)

Wat moet ek ken?

Woordeskatuitbreiding/-ontwikkeling en taalgebruik		
<ul style="list-style-type: none"> • Kontaminasie, toutologie, analogie, pleonasme • Erfgoed (volksetimologie) • Leengoed (leenwoorde) • Eiegoed (nuutskopping / neologisme) • Herkoms van woorde • Anglisisme • Betekenisleer en figuurlike taal: Sinonieme, antonieme, paronieme, polisemie, homonieme, homofone, doeblette, een woord vir 'n omskrywing, beeldspraak (vergelyking, metafoor, persoonifikasie), stylfigure (oksimoron, metonimia, klanknaboetsing, hiperbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, litotes, paradoks, sinekdogee, sinestesia, antitese, antonomasia, elisie, woordspeling) en idiomatiese uitdrukkings / idiome / spreekwoorde • Woordvorming: Voorvoegsels, agtervoegsels. stamme / basisvorme, kern en bepaler, simplekse, komplekse, afleiding, samestelling, samestellende afleiding en klinkerwisseling • Klankleer en spelling: Klanke (konsonante / vokale / diftonge / affrikate / klankverskynsels), spelpatrone, spelreëls, klankgrepe, lettergrepe, afkortings, verkortings en akronieme • Skryftekens: Afkappingsteken, koppelteken, deelteken, kappie, klemtekens (akuut / gravis), hakie, parentese 		
Sinstrukture		
Lidwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaald • Onbepaald 	
Selfstandige naamwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Soortname (meervoude / verkleining / geslag) • Eiename • Abstrakte selfstandige naamwoorde • Versamelname • Massaname • Maatname • Selfstandige naamwoorde wat afgelei word van ander woordsoorte • Selfstandige naamwoorde in vrye en vaste verbindings 	
Voornaamwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Aanwysend • Persoonlik • Onpersoonlik • Besitlik • Betreklik • Vraend • Onbepaald • Wederkerend • Wederkerig 	
Byvoeglike naamwoord	<ul style="list-style-type: none"> • Attributiewe en predikatiewe byvoeglike naamwoord • Verbuiging van die byvoeglike naamwoord • Letterlike (denotatiewe) en figuurlike (konnotatiewe) gebruik van byvoeglike naamwoord • Trappe van vergelyking • Intensiewe vorme • Byvoeglike naamwoorde in vrye en vaste verbindings 	

Telwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Hooftelwoorde • Rangtelwoorde 	
Werkwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Tyd: teenwoordige, toekomstige en verlede tyd; historiese teenwoordige tyd • Hoofwerkwoord / selfstandige werkwoord: oorganklik, onoorganklik, onpersoonlik, wederkerend • Hulpwerkwoorde: tyd, wyse, vorm • Koppelwerkwoorde • Skeibare en onskeibare werkwoorde (deeltjiewerkwoorde) • Infinitief • Werkwoorde wat van ander woordsoorte afgelei is (werkwoordwisseling) • Werkwoorde in vrye en vaste verbindings 	
Deelwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Teenwoordige (onvoltooide) deelwoorde • Verlede (voltooide) deelwoorde: swak en sterk verlede deelwoorde 	
Bywoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Tyd • Wyse • Plek • Modaliteit • Bywoorde wat van ander woordsoorte afgelei is • Bywoorde in vrye en vaste verbindings • Trappe van vergelyking 	
Voorsetsels	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsetsels van plek, rigting, tyd • Voorsetsels in vaste verbindings 	
Voegwoorde	<ul style="list-style-type: none"> • Neweskikkende en onderskikkende voegwoorde • Voegwoordelike bywoorde 	
Tussenwerpsels	<ul style="list-style-type: none"> • Byvoorbeeld: Sjoe! Eina! 	
Sinne en sinsdele	<ul style="list-style-type: none"> • Bou van 'n enkelvoudige sin: onderwerp, gesegde, voorwerp, byvoeglike en bywoordelike bepalings • Woordorde in sinne: tyd, wyse, plek, infinitief • Sinsoorde: stel-, bevel-, vraag-, uitroepsinne / eksklamasie • Saamgestelde sinne: hoofsinne en bysinne (byvoeglik, bywoordelik - tyd, wyse, plek, modaliteit; onderwerp-, voorwerp- en gesegdesin) • Veelvoudige sinne (hoof- en neweskikkende sinne) • Direkte en indirekte rede • Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief) • Ontkenning • Sinswyse (aanwysend, aanvoegend, vraend, gebiedend) 	
Verbindingswoorde (skryf van sinne en paragrawe)	<ul style="list-style-type: none"> • Woorde wat chronologiese verloop aandui: eerste / eerstens, tweede / tweedens, voordat, nadat, wanneer, later, totdat, ter afsluiting, volgende, tans, voorheen, agterna • Woorde wat 'n verduideliking / oorsaak en gevolg aandui: daarom, gevolglik, omdat, hieroor, aangesien, as gevolg van, toe te skryf aan, dus, dit wil sê, daaruit volg dat, • Woorde wat proses aandui: eerste / eerstens, tweede / tweedens, derde / derdens • Woorde wat vergelyk en teenstellings (kontras) aandui: dergelyk ooreenkomstig, verskillend, nogtans, maar • Woorde wat orde van belangrikheid aandui: altyd, ter afsluiting • Woorde wat ruimte-oriëntering aandui: bo, onder, links, regs 	

	<ul style="list-style-type: none"> • Woorde wat veralgemening aandui: oor die algemeen, deur die bank, ter afsluiting, om saam te vat • Woorde wat op eie standpunt dui: volgens my / na my mening / opvatting / oortuiging, ek dink dat, ek oorweeg om, ek glo dat, dit lyk vir my, ek verkies / hou / hou nie van nie / hoop / voel • Woorde wat op klassifikasie dui: is 'n voorbeeld van, ressorteer onder, behoort aan, is deel van, inpas by, word gegroepeer met, is verwant aan, word geassosieer met • Woorde wat op beskrywing dui: bo, onder, naas, naby, noord / suid / oos / wes, grootte, kleur, vorm, doel, lengte, breedte, massa / gewig, spoed, lyk na / aard na • Woorde wat op evaluering dui: goed / sleg, reg / verkeerd, moreel / immoreel, belangrik / onbeduidend, voorstel, aanbeveel, argumenteer • Woorde wat op definisie dui: word omskryf as, word gedefinieer as • Woorde wat op samevatting dui: om saam te vat, om op te som, opsommenderwys, kortliks, soos u kan sien 	
Leestekens / Punte	<ul style="list-style-type: none"> • Komma • Vraagteken • Dubbelpunt • Kommapunt • Aandagstreep • Aanhalingstekens • Uitroepteken • Beletselteken / ellips • Asterisk 	
Kritiese taalbewustheid		
	<ul style="list-style-type: none"> • Feit en mening • Direkte en geïmpliseerde betekenis • Denotasie en konnotasie • Sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en outeur • Die invloed wat seleksie en weglating op betekenis het • Verhoudings tussen taal en mag • Gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, taalvariëteite, afl eidings, aannames, argumente, doel met die insluiting of uitsluiting van inligting 	

VOORBEELDVRAE

Advertensies

Mei 2014



1


DUIMVASHOU HOU NIE 'N BRUG IN DIE LUG NIE

2

3

1.2 miljoen bote hou hom daar. Bote wat verseker dat as jy oorry, jy altyd anderkant uitkom. Jy hoef nie duim vas te hou nie. Stel jou vertroue in dinge wat nooit ophou werk om dit te verdien nie.

Vind uit hoe Coronation jou vertroue kan verdien deur met jou finansiële beplanner te gesels, of besoek www.coronation.com

CORONATION 
FUND MANAGERS
TRUST IS EARNED

Coronation Batebestuur (Edms) Bpk is 'n gemaagtigde finansiële diensteverskaffer. Coronation is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA). Trust is Earned™.

1. Lees en kyk weer paragraaf 1.
- 1.1.1 Skryf EEN rede neer waarom die lettergrootte van die reëls verskil. (1)
- 1.1.2 Gee die meervoudsvorm van *brug*. (1)
- 1.1.3 Watter klankverskynsel sal voorkom indien 'n mens die woorde *in die* as *innie* uitspreek? (1)
- 1.2 Verklaar die uitdrukking: *om duim vas te hou*. (1)
- 1.3 Skryf die eerste sin in paragraaf 2 in die lydende vorm. (1)
- 1.4 Vorm 'n persoonsnaam van *vertroue*. (1)
- 1.5 Wat is die bydrae van die foto in hierdie advertensie? (1)
- 1.6 Skryf die neologisme in paragraaf 3 in woorde. (1)
- 1.7 Waarin, na jou mening, lê die geslaagdheid van hierdie advertensie?
(Wenk: Dink aan die produk/ diens wat geadverteer word en die maniere/ tegnieke wat in die advertensie gebruik word.) (2)

[10]

1



Bel nou vir
versekering
waarop jy
verlief
kan raak!

2 **Ons is lief vir Afrikaans en dit wys!**

3 As dit kom by ons taal, het Virseker die skoot hoog deur. Dis dié dat ons diens 100% Afrikaans is – ons **blitsige kwotasies, maklike eise en kwaliteit produkte** word alles in Afrikaans gebied. En omdat ons glo in gemoedsrus en waarde vir geld bied ons ook allerlei ekstras, soos gratis 24 uur per dag:

4 • Huisbystand • Mediese bystand • Padbystand • Regsbystand • Traumabystand

5 Boonop skenk ons 'n gedeelte van alle premies aan die Virseker Trust vir die opleiding van Afrikaanssprekendes en die voortbestaan van Afrikaans.

6 **Kontak ons vandag nog vir 'n uitstekende, persoonlike diens:**

7 Skakel 0860 00 77 46,
besoek www.virseker.co.za
of teks* "Virseker" na 43934
en ons sal jou terugskakel.



Jou versekering, jou mense, jou taal

* Standaardtekstariewe geld

[Aangepas uit: rooi rose, April 2013]

3.1 Lees en kyk weer na paragraaf 1.

3.1.1 Skryf EEN rede neer waarom die lettertipe en -grootte van die reëls verskil. (1)

3.1.2 Skryf die hoofsin van die sin neer. (1)

- 3.1.3 Waarom is die uitroepteken in hierdie sin noodsaaklik? (1)
- 3.2 Wat is die bydrae van die foto in hierdie advertensie? (1)
- 3.3 Haal uit paragraaf 3 die frase aan wat die woorde “verlief kan raak” in paragraaf 1 die beste ondersteun. (1)
- 3.4 Dink jy die gebruik van die byvoeglike naamwoorde “blitsige” en “maklike” in paragraaf 3 is in hierdie konteks funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.5 Hoekom fokus paragraaf 3 op Afrikaans, en nie op Virseker, die versekeringsmaatskappy wat geadverteer word, nie? (1)
- 3.6 Waarom verskil die spelling van “Mediese bystand” van die ander woorde in paragraaf 4 se spelling? (1)
- 3.7 Skryf die neologisme in paragraaf 7 in woorde. (1)
- 3.8 Waarin, na jou mening, lê die geslaagdheid van hierdie advertensie? (1)

[10]



Droomtroues word waar...

A

“Toe ek vanmiddag in die kerk instap, het ek geweet trou is vir altyd.”



B

Elke bruid verdien 'n spog sprokiestroue met 'n tikkie ekstra *panache*. Begin jou nuwe lewe as pasgetroude op 'n hoë noot, by een van ons drie spogoorde vol natuurskoon, gasvryheid en bekostigbare, goed toegeruste troufasiliteite. Of jy nou droom van 'n troue in die berge, Bosveld of Boland, ons sal verseker dat jou huwelik wonderlike herinneringe oplewer.

C

Sentrale besprekingskantoor: 011 919 9092 | www.atkvoorde.co.za

DRAKENSVILLE	GOUDINI SPA	KLEIN-KARIBA
--------------	-------------	--------------



[Verwerk uit: **Lig**, Augustus 2013]

3.1 Deel A verwys.

Die bruid het op Twitter geskryf: "Toe ek vanmiddag in die kerk instap , het ek geweet trou is vir altyd."

3.1.1 Skryf bostaande sin in die indirekte rede. (1)

3.1.2 Waarom is die gebruik van die direkte rede, na jou mening, in hierdie konteks gepas? (1)

3.2 Deel B verwys.

Elke bruid verdien 'n sprokiestroue met 'n tikkie ekstra panache.

3.2.1 Herskryf bostaande sin as 'n vraagsin deur slegs die huidige woorde in die sin te gebruik. (1)

3.2.2 Verduidelik waarom die woorde *Elke bruid ...* in hierdie sin as manipulerende taalgebruik beskou kan word. (1)

3.2.3 Brei die bepaling *met 'n tikkie ekstra panache* uit tot 'n byvoeglike bysin. (1)

3.3 In die woordeboek word die volgende inligting oor *panache* gegee:

pa•nach'e (*uitspr. pa nasj*) (< F.) Swier, flambojante wyse van optrede:
Sy doen alles met soveel panache, asof niks haar kan keer nie.

[Uit: HAT, 1994, bl. 780]

3.3.1 Skryf neer die lettergreep waarop die klem behoort te val wanneer *panache* uitgespreek word. (1)

3.3.2 Aan watter taal is die woord *panache* ontleen? (1)

3.4 Gee die intensiewe vorm van *vol* in deel B. (1)

3.5 Gee die verkleiningsvorm van *herinneringe*. (1)


3.6 Waarin, na jou mening, lê die geslaagdheid van hierdie advertensie? (1)

Strokiesprente

November 2013


LET WEL: In dié teks kom taalfoute voor.

Raampie 1




Tienermeisies, van enige nationaliteit, is seker maar 'n raaisel. My sussie Luané is 'n goeie voorbeeld van die Afrikaner-tienermeisie.

Raampie 2



My ma sê Luané is op soek na haarself en dis natuurlik vir 'n meisie op haar ouderdom. Sy verander omtrent elke Woensdag haar naam, haarstyl, lewensuitkyk en kêrel.

Raampie 3 **Raampie 4** **Raampie 5**



Toe sy haarself Lulu noem, was sy Goth en haar hare swart, en haar kêrel se naam was Spike en hy was twintig en in 'n band. My ma-hulle het niks van hom gehou nie en my pa het gesê hy is heeltemal te oud vir haar en dromspeer is nie 'n beroep nie.


Toe word sy 'n dom blondine en noem haarself Lou en hou van Kallie. Hy was dié senter van die 1ste rugbyspan. Die kys het nie lank gehou nie.

My pa sê Kallie is 'n kamallie. Ma het vir Pa die OOG gegee en vir Luané haarkapper toe gevat om haar te troos.

Raampie 6

Toe kom sy terug met 'n bruin bob, word Lou-Anne en vegetaries en hang uit saam met Duane wat in 'n Engelse skool is en aan klopdanskompetisies deelneem. Sy het gedink hy is cool, want hy kan oor diep dinge praat soos poësie en so, en nie net van computer games en rugby nie. Maar hulle was net vriende.

Raampie 7 **Raampie 8**




Luané se gunstelingvak is Kuns, want daarin kan sy net haarself wees.

[Aangepas uit *Vroukeur*, 28 Oktober 2011]

- 4.1 Identifiseer die woord wat in raampie 1 verkeerd gespel is en skryf dié woord korrek oor. (1)
- 4.2 Wat was Spike se beroep volgens raampie 3? Skryf dit in suiwer Afrikaans. (1)
- 4.3 Haal die woorde uit raampie 4 aan wat op stereotipering dui. Motiveer waarom dié stereotipering, binne konteks, nie by Luané pas nie. (2)
- 4.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die pa se woorde in raampie 5? (1)
- 4.5 Skryf die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord in raampie 5 neer. (1)
- 4.6 Gebruik die koppelwerkwoord in die onderstreepte sin van raampie 6 as 'n selfstandige werkwoord in 'n sin van jou eie. (1)
- 4.7 Brei die onderstreepte woord in raampie 7 met 'n bysin uit. Herskryf die hele sin en onderstreep die bysin. (1)
- 4.8 Herskryf die sin in raampie 8 in die indirekte rede. (1)
- 4.9 Motiveer of die aksentteken in raampie 8 noodsaaklik is om die seun se gevoel teenoor Luané uit te druk. (1)
- [10]**

LOUIS DIE LAEVELDLEEU



[Aangepas uit: *Die Burger*, 24 Augustus 2013]

3.23 Die sin in raam 1 bevat 'n taalfout. Herskryf die sin en korrigeer die taalfout. (1)

3.24 Waarom is die gebruik van die historiese teenwoordige tyd in raam 1 funksioneel? (1)

(Dit skep groter spanning en bring die leser as't ware na die gebeure toe; dit word vertel asof dit nou plaasvind; die gebeure word dramaties oorgedra)

3.25 Verbind die onderstaande twee sinne deur die voegwoord *gevolglik* te gebruik.

Sinne: *Die seun het nie die stopteken verstaan nie. Hy het dit verontagsaam.* (1)

3.26 Voltooi die sin deur slegs die ontbrekende woord neer te skryf:

Volgens raam 4 was die seun nie Engels ... nie. (1)

3.27 'n Leesteken ontbreek in die onderstaande sin. Skryf die sin oor en voeg die leesteken op die korrekte plek in.

Ja maar dit was in Engels. (1)


3.28 Gee

3.28.1 die oortreffende trap en (1)

3.28.2 die intensiewe vorm van *snaaks* (raam 3). (1)

Raampie 1


Werfbobbejaan



Wim Bosman


Raampie 2

Die tante stuur vir Doors om te gaan suiker vra by die bure. Daar kuier toe 'n niggietjie van die Kaap wat lyk soos 'n filmster.




Raampie 3

Doors kom eers ure later terug, maar sonder die suiker.
"En nou, waar's die suiker?" vra sy ma.
"Die wat? O, ja, die suiker, nè? Ja, dis nou die punt ..."



Raampie 4

Toe ek sien hoe skraps daai arme ou meisietjie gekleed gaan, toe voel ek so skuldig om nog hulle suiker ook te bedel ...



[Uit: Landbouweekblad, Maart 2012]

- 4.1 Skryf die infinitief wat in raampie 2 gebruik is, neer. (1)
- 4.2 Skryf Werfbobbejaan se eerste sin in raampie 2 in die lydende vorm. (1)
- 4.3 Watter klankverskynsel kan voorkom by die uitspraak van "niggietjie" in raampie 2? (1)
- 4.4 Gebruik die basis "suiker" (raampie 3) om 'n samestellende afleiding te vorm. (1)
- 4.5 Hoewel "daai" nie Standaardafrikaans is nie, word die woord in raampie 4 gebruik. Waarom is dit in hierdie teks aanvaarbaar? (1)

- 4.6 Met watter implisiete doel gebruik Werfbobbejaan die woorde "arme" en "ou" in raampie 4? (1)
- 4.7 Gebruik die oortreffende trap van "skraps" in 'n verduidelikende sin. (1)

Prosateks

Hersieningstoets, Mei 2014

Koninklike speurverhaal by fees vertel

1. KAAPSTAD. – Die wetenskaplike speurverhaal van Richard III gaan deel wees van Scifest Africa, wat eersdaags in Grahamstad aangebied word.
2. Dié nasionale wetenskapfees sal hoor hoe een van die grootste argeologiese vondste van die laaste paar jaar gemaak is.
3. In 2012 is die beendere van die Engelse koning Richard III (1452-1485) onder 'n openbare parkeerterrein in die Britse stad Leicester ontdek.
4. Richard het in die Slag van Bosworth Field gesneuwel toe Henry Tudor hom verslaan het. Hy was die laaste Britse koning wat op die slagveld gesneuwel het.
5. DNS-toetse is gedoen en vergelyk met Michael Ibsen, 'n afstammeling van Richard se suster, Anne of York.
6. Koolstoftoetse is ook op die beendere gedoen, wat bewys het dat dit sowat 500 jaar oud is.
7. 'n Ondersoek van die geraamte het gewys die koning het sowat tien wonde gehad, waarvan agt op die skedel was. Twee daarvan, aangebring deur 'n wapen met 'n lem, was waarskynlik dodelik.
8. Prof. Sarah Hainsworth van die Universiteit van Leicester gaan verduidelik hoe die wonde aan die koning se skelet gehelp het om hom te identifiseer.

[Uit: *Die Burger*, 25 Februarie 2014]

- 2.1 Skryf 'n bywoord van tyd uit paragraaf 1 neer. (1)
- 2.2 Skryf die hoofsin van die sin in paragraaf 2 neer. (1)
- 2.3 Skryf die stam van die woord *vondste* (paragraaf 2) neer. (1)

- 2.4 Herskryf die onderstaande sin in die bedrywende vorm:
In 2012 is die beendere van die Engelse koning Richard III onder 'n openbare parkeerterrein in die Britse stad Leicester ontdek.
(Onthou: Hierdie sin bevat geen onderwerp nie.) (1)
- 2.5 Gee 'n sinoniem vir *gesneuwel* (paragraaf 4). (1)
- 2.6 Gee die verkleiningsvorm van *koning* (paragraaf 5). (1)
- 2.7 “sowat 500 jaar oud is” (paragraaf 6)
Gee een woord vir: 'n tydperk van 100 jaar. (1)
- 2.8 Die woord *waarskynlik* (paragraaf 7) is 'n bywoord van modaliteit.
Dink jy die gebruik van dié woord in hierdie sin is funksioneel?
Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.9 Waarvoor staan die afkorting Prof. (paragraaf 8)?
(Onthou: Korrekte spelling is belangrik.) (1)
- 2.10 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 8. (1)

[10]

VRAESTEL 2, AFDELING B

(ROMAN)

Die kwart-voor-sewe lelie

Hersien die inhoud

Assosiasiespeletjie

Koerantberigte: watter feite moet in die volgende berigte voorkom?

- 1. Johanna, Iris en die Neger**
- 2. Iris en die vuurhoutjiedosieversamelaar**
- 3. Joe se aanbod: Is dít waarvoor sy gewag het?**
- 4. Uiteindelik – Iris trou!**
- 5. Lesse oorsee: Parys, New York en Vermont**

Profiel van Iris

- ✓ Ma Els beskryf haar as “heeltemaal anders” as haar twee ouer susters.
- ✓ Moontlike betekenis van haar naam:
 - Pers bolplant met flappe (Pa se verklaring)
 - Deel van die oog (dus diepsinnig en skerpsinnig – haar eie verklaring; beskou haarself hierom as martelaar wat altyd moes regstaan vir ander)
 - Griekse mitologiese godin in diens van meer belangrike gode (Wdb verklaring in klas)
 - Griekse godin van die reënboog
- ✓ Sy glo alles is relatief
- ✓ Sy voel soos Aspoestertjie
- ✓ Sy beskryf haarself as ‘n alleenloper, “iemand wat op oorskietkos geleef het”
- ✓ Kleintyd al wou sy eksperimenteer (borsel tande met as)
- ✓ Beskryf haarself as tussen ernstig (Elsa) en diepsinnig (Kara)
- ✓ Sy was “ontevrede met haarself en vasbeslote om te verander, om iets anders te wees en te word” [Onderliggende rede vir hunkering na blomtyd? Rede vir fantasieë? Rede waarom fantasiekarakters Engelse of buitelandse name gehad en die gebeure êrens anders as in SA afgespeel het?]
- ✓ Gee dikwels ‘n letterlike verklaring vir iets wat figuurlik bedoel is (bv. Hannes moet sy voete vind)

- ✓ Glo 'n bruid moes haar mond hou en verlief lyk
- ✓ Onseker oor hoe sy oor trou voel: sê Elsa en Hannes het haar van trou laat afsien, maar suggereer later dat sy wel sal trou indien sy 'n man soos een van haar fantasiekarakters (Eduard, St. John of Richard) ontmoet.
- ✓ Sy word beïnvloed deur dit wat sy lees en leer (wdb. en die betekenis van haar naam; fotone wat lewendig is; eksistensiële periode)
- ✓ Het geglo dat 'n mens niks durf verwerp tot jy dit nie self probeer het nie
- ✓ *Greta was haar alter ego ("Die hoofkarakter was natuurlik ek self". "Sy was my alter ego ...")*
- ✓ Sy word beïnvloed deur die ruimte (Haar verbeelding kon nie romanties raak onder SA se son en interne probleme nie)
- ✓ *Beskou haarself , soos Greta, as 'n moderne geëmansipeerde vrou*
- ✓ Sy heul nie met slegte karakters nie.
- ✓ Sy beoefen selfwaarneming en selfondersoek (Greta het 'n introspektiewe lewe gelei.)
- ✓ Haar fantasieë was ook 'n manier om haar ma se verstrooidheid te ontvlug.
- ✓ Toe sy jonger was, het sy dit bonatuurlik gevind wanneer fantasie en werklikheid oorvleuel
- ✓ Sy was verknoeg aan haar tjalie waarin sy toegedraai is toe sy gedoop is (sentimenteel?)
- ✓ *Greta: sereen en koppig; anders ("Omdat sy anders is.")*
- ✓ Ooreenkomste met haar ma:
 - Sê vir instrukteur van bestuurskool dat sy nie in die stad kan ry nie
 - Na die ongeluk met die motor van die bestuurskool, frustreer sy die polisieman soos haar ma die man in die poskantoor frustreer het
 - Iris kommunikeer op dieselfde manier (met Peter) as wat haar ma (met haar Pa) kommunikeer: Sy vertolk dit wat Peter sê anders as wat hy dit bedoel het; hulle praat verby mekaar. (bv. gesprek oor of daar 'n man is wat sal omgee as sy saamgaan Amerika toe).
- ✓ Iris was ontevrede met haar voorkoms: Greta het mooier bene as sy; haar susters is mooier as sy.
- ✓ Glo dat sy nie die moeite werd is om te onthou nie (By ontvangs van Peter se poskaart waarin hy noem dat hy hard daaraan werk om van haar te vergeet: "daar was min om te onthou.")
- ✓ Dr Anders sê sy neem die lewe te letterlik op. (bv. In reaksie op Elsa se opmerking dat die kultuurverskil tussen Kara en Claude te groot is, sê sy dat kunsgeskiedenis hul altwee se passie is. Ook haar reaksie nadat Elsa sê 'n meisie loop nie agter 'n man aan nie: "Ek gaan vlieg, nie loop nie.")
- ✓ Gesteld op detail – soos uit haar fantasieverhaal oor Greta blyk.
- ✓ Sy het graag na mense se fantasieë geluister (bv. Mev Anders se vrees dat sy tandoos en eensaam oud gaan word)
- ✓ Frederik beskuldig haar van ongevoeligheid en selfsug: sy neem nie sy gevoelens in ag nie.
- ✓ Ma Els beskou haar as a-sosiaal

- ✓ Haar lewensfilosofie is aan haar ma te danke: Ma Els het gesê 'n Iris blom net een keer per jaar. Daarom sê Iris vir Johanna: "Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom."
- ✓ Iris gaan saam met enigiemand wat haar vra (impulsief/ naïef):
 - bl. 37: Sy gaan saam met Peter na sy woonstel
 - bl. 45: Peter vra of sy altyd alles doen wat mense van haar vra
 - bl. 78: Sy is gewillig saam met Frederik na bioskoopprente, konserte en intieme kersligetes
 - bl. 101: Sy klim holderstebolder saam met Joe in 'n geel taxi in New York op pad na Central Park
 - bl. 102: Iris wonder self waarom sy so gewillig is om te doen wat Joe haar vra. "Waarom sit ek so maklik my glas (of koppie) neer en volg as iemand vir my sê: 'Kom'?"
- ✓ Joe sê sy lyk ordinêr, al is sy van Suid-Afrika afkomstig.
- ✓ Sy het vooropgestelde idees oor Amerika (New York), bv. baie moorde word daar gepleeg. Sy is ook bewus van die vooropgestelde idees wat buitelanders oor Suid-Afrika het.
- ✓ Iris se lewensfilosofie (bl. 104):
 - Haar naam verwys o.a. na 'n bolplant wat net een keer per jaar blom.
 - Sy glo sedert haar skooldae dat sy, soos die plant, een of ander tyd moet blom.
 - Sy wil te alle tye gereed wees.
 - Sy wil nooit 'n nuwe aanbod van die hand wys of 'n potensieel opwindende geleentheid onbenut laat nie.
 - "Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en so 'n moment van volmaakte sintese beleef."
 - Sy is "gewillig om mee te doen" (= om aan dinge deel te neem)
- ✓ Iris glo nie aan toeval nie; dinge gebeur soos dit veronderstel is om te gebeur. (Aan die einde {bl. 187} wonder sy of dinge nie maar sommerso gebeur nie. "My lewe bestaan uit onsamehangende flardes." Insig? Karakterontwikkeling?)
- ✓ Billy beskou haar as 'n dom Suid-Afrikaner
- ✓ Sy voel soos Pollyanna wanneer sy die hotelklerk in New York aanpraat oor sy onvriendelikheid (verskil hier van Ma Els)
- ✓ In NY verlang sy na haar kamer in Suid-Afrika wat volgens haar so "ellendig" leeg was
- ✓ Sy glo nie sy's 'n ontdekking soos Joe beweer nie (Geringskatting? Minderwaardig?)
- ✓ Peter glo as haar naam nie Iris was nie sou sy nie so vol idees rondgeloop het nie.
- ✓ Ooreenkomste tussen Iris en vuurhoutjiedosieversamelaar:
 - Beide glo dat daar elke dag 'n kans bestaan dat hulle iets unieks kan ervaar: Iris, haar blomtyd en hy kan 'n unieke vuurhoutjiedosie kry ("Elke dag bestaan die kans dat ek 'n unieke een kan ...")
 - Dit is Iris se lewensfilosofie dat sy haar blomtyd sal bereik en die man se lewenstaak is om vuurhoutjiedosies te versamel.

- ✓ Sy is baie lief vir haar gesin en wil nie hê dat ongeluk hulle moet tref nie (Vgl. haar vrees oor die inhoud van die kabelgram)
- ✓ Sy ervaar vir 'n wyle innerlike konflik wanneer sy moet besluit of sy Joe se modelkontrak gaan aanvaar of saam met Peter in Vermont gaan kuier.
- ✓ Brian meen sy het baie selfvertroue omdat sy die modelkontrak van die hand gewys het
- ✓ Iris bring haar ervarings in Vermont (die vreemde) in verband met die bekende dinge van S.A. (Vgl. bl. 146 waar sy deur die sneeu loop en dink "Dit voel asof ek deur mieliepap loop.")
- ✓ Sy twyfel aan haar lewensfilosofie wanneer
 - Sy nie vir Peter kan oortuig dat elke mens 'n blomtyd in sy lewe het nie (bl. 132 "Jou teorie is net op elke tweede mens van toepassing.")
 - Junior sê dat sy ma se irisse in die herfs ook blom
- ✓ Iris voel sy is te jonk en onervare om Bettie se komplekse situasie te verstaan en haar te troos.
- ✓ Sy meen haar lewe is 'n psalm en Bettie s'n 'n dissonante (= valsklinkende) gemors
- ✓ Iris kon mense laat lag (Peter en Bettie)
- ✓ Sy tree taktloos op toe sy vra waarom Brian se eksvrou weg is
- ✓ Iris dink Peter sou 'n goeie pa wees (uitstappie in sneeu met Brian en sy kinders)
- ✓ Glo sy is nie soos alle vrouens wat wil trou nie
- ✓ Iris geniet dit om huis-huis te speel met kinders (Brian se kinders in Vermont)
- ✓ Peter sê sy het 'n ooraktiewe verbeelding,
- ✓ Toe sy haar been in Vermont beseer het, het Peter nie regtig na haar geluister nie (Hy het nie onmiddellik gaan kyk wat fout is of met haar gesimpatiseer nie, maar gevra dat sy moet aanhou graawe om die motorwiele uit die sneeu te kry)
- ✓ Iris beskou haarself as gekompliseerd (kan nie gou haar eie toekoms opdroom nie) – teenoor Peter wat 'n ongekompliseerde persoonlikheid gehad het (bl. 200)
- ✓ Sy beskou haarself as 'n eksemplaar van die mensdom wat bestudeer kan word.
- ✓ Na haar ongeluk besef sy dat dapper dade nie beloon word nie en heldinne nie bestaan nie.
- ✓ Sy kom tot insig dat 'n naam net 'n naam is (bl. 187)
- ✓ Iris was 'n buitestander toe haar susters hul babas bespreek het.
- ✓ Die Engel bring haar tot die insig dat sy dalk ongesiens en onverwags blom
 - (bl. 195: "Party mense blom ongesiens.")
- ✓ Iris wou vinnig en sonder ophef in 'n magistraatskantoor trou.
- ✓ Elsa het Iris se trourok uit haar (Elsa se) skoonma se weggooi-kantgordyne gemaak. "Dit was oud en vergeel en presies wat ek in gedagte gehad het." (bl. 207)
- ✓ Iris het nie 'n bruidsuitset gehad toe sy trou nie (Omdat sy nie vooraf beplan het nie? Omdat sy nie regtig van plan was om te trou nie? Omdat sy impulsief was?)
- ✓ Iris se ongewone troue
 - Bitter koud
 - Trui oor trourok
 - Pa ontuis in donker pak; Ma onpaar handskoene
 - Johan, hofknaap, laat ringe val

- Die blomme was buiteseisoenlik (= pas nie in daardie seisoen nie).
Simbolies van Iris?
- ✓ Ooreenkoms tussen Iris en Elsa se troues: albei tree anders op as wat van 'n bruid verwag word: Elsa eet soos 'n vraat en is onromanties, terwyl Iris 'n trui bo-oor haar trourok dra.
- ✓ Ná Iris se troue verdwyn Eduard en Greta van die toneel: geen denkbeeldige karakter was opgewasse teen Peter se harde, fisieke werklikheid nie.
- ✓ Insig: Iris beseft dat werklikheid beter as fantasie is wanneer sy van Peter sê: “Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.” (bl. 213) (Insig; as mens gegroei)
 - Insig blyk ook uit bl. 220: “ Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.”
- ✓ Belangrike interaksies:
 - Peter
 - Gesinslede (Ma Els, Pa, Elsa, Kara, Johanna)
 - Dr Anders, Frederik en Dora
 - Billy, die taxibestuurder in NY
 - Joey Pryor
 - Brian, Bettie en kinders
 - Die Engel
 - Peter se gesin (Tant Ans, Die Oom, Jonsie en Merel)
- ✓ Toevallige interaksies:
 - Riekie
 - Medepassasier op vliegtuig
 - Claude se landgenoot by partytjie in Frankryk
 - Meisie van Honduras
 - Vuurhoutjiedosieversamelaar
 - Hotelklerk in NY
 - Tweede taxibestuurder in NY (kontrasteer met Billy)

Die kontekstuele vraag

Teks 1

1	“Ek kan ook nie marmotte in plaas van rotte gebruik nie. Marmotte dreig
2	nie om gif te drink nie. Rotte maak nie hule beddens nat omdat hulle nie wil hê
3	hulle pa moet met Bettie trou nie. En die enigste eksemplaar in gevangen-
4	skap, kan jy maar sê, is ekself. Ek is te alle tye beskikbaar en gewillig om mee
5	te doen om ontleed te word.
6	“Ek het niks gesê nie, “ het die Engel gesê.
7	“Maar ek moes my motiewe verduidelik.”
8	“Waarom?”
9	“Wel, omdat ek bang is jy dink ...”
10	“Dink wat?”
11	Ek het geswyg. “Wat gaan ek doen?” het ek uiteindelik gevra. “Ek wou
12	teruggaan New York toe. Ek wou weer in die strate rondloop en met Billy
13	gesels. Hy gaan lag as hy my been sien. Hy gaan vra of die moordenaars my
14	toe tog beetgekry het. En Joe gaan lekker kry. Hy gaan sê dis my verdiende
15	loon, dis wat gebeur met meisies wat goue kanse deur hul vingers laat glip.”
16	“Dink jy regtig die lewe van ‘n model sou jou gepas het?” het hy gevra.
17	“Nee, dis waarom ek hier is.”
18	“Nou ja? Vergeet van Joe.”

1. Tussen wie en onder watter omstandighede vind die gesprek in bostaande uittreksel plaas? (2)
2. Na watter karakters verwys die metafore “marmotte” en “rotte” (reëls 1 – 3) onderskeidelik? (2)
3.
 - 3.1 Watter betekenis van Iris se naam word deur die onderstreepte sin in reël 4 – 5 opgeroep? Motiveer jou antwoord. (2)
 - 3.2 Noem twee geleenthede waar Iris “gewillig was om mee te doen”. (2)
 - 3.3 Watter karaktertrek van Iris kan afgelei word uit haar gewilligheid “om mee te doen”? (1)
4. Verduidelik waarom Iris se gemaklike gesprekke met Billy (reël 12 – 13) as ironies beskou kan word. (2)
5. Waarop sinspeel die sinsdeel “of die moordenaars my toe tog beetgekry het.” (reël 13 – 14)? (1)
6. Watter innerlike konflik het Joe se aanbod by Iris veroorsaak? (2)
7. Verduidelik die moontlike verband tussen Joe se aanbod en Iris se lewensfilosofie. (2)

EN

TEKS 2

1	Maar hoe dit ook al sy, Ma het aangekondig dat sy plaas toe gaan
2	trek sodat sy en Pa mekaar geselskap kan hou. “Sy huis is tog nou
3	leefbaar, “ het sy gesê. “’n Badkamer en warm water ... Ek sal vir hom
4	gaan tuinmaak.”
5	“Ek trek not ‘n donner die bosse in, “ het Johanna verklaar en so het
6	dit gebeur dat ek en Peter die huis, Polder en Johanna oorgeneem het.
7	“Wat van hulle erfposies?” wou Elsa en Kara weet, maar Peter het
8	die huis wettiglik gekoop en geen testamentiese probleme veroorsaak
9	nie. Ek was in die wolke omdat ek die tuin en die kwart-voor-sewe-lilie
10	geërf het nadat ek ‘n jaar lank vergeefs gesukkel het met ‘n stuk bol wat
11	ek van die moederplant afgespit het. Hy het wel blare gemaak, maar
12	verseg om te blom.”

8. Reël 1 – 3 verwys. Dui aan hoe Ma se siening oor die plaas deur die verloop van die roman verander het. (2)
9. Waarom sou ‘n mens Pa as ‘n tipiese plat, statiese karakter kon tipeer? (1)
10. Hoe bevestig Johanna se dialoog in hierdie uittreksel haar onkonvensionele aard as bediende? (2)
11. “... en so het dit gebeur dat ek en Peter die huis, Polder en Johanna oorgeneem het.”
Noem een rede waarom Iris en Peter se troue as anders as die gewone beskou kan word. (1)
12. Verduidelik kortliks watter karakterontwikkeling Elsa deur die loop van die roman ondergaan. (2)
13. Watter afleiding kan die leser maak uit die stuk bol wat “verseg om te blom” (reël 10 – 12)? (1)

[25]

Die Opstelvraag

In *Die kwart-voor-sewe-lilie* leer ken die leser karakters wat teenoorgestelde kante van menswees verteenwoordig.

Skryf ‘n goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy krities bespreek of jy met bogenoemde stelling saamstem al dan nie deur te verwys na Iris, Elsa, Merel en die twee New Yorkse taxibestuurders. Verskaf ook jou mening of die karakteruitbeelding oortuigend aangebied is of nie.

Manaka, plek van die horings

Hersien die inhoud

Assosiasiespeletjie

Koerantberigte: watter feite moet in die volgende berigte voorkom?

1. Baas se kinderjare

2. Die boot-droom

3. DROME

4. Ouma Essie: haar woord is wet

5. 'n Chipman móét help; dis in die bloed

6. Die kerk krap sake deurmekaar!

7. Groot brand by Manaka

Profiel van Baas

- ✓ Hy is in Maart 1952 in die Houtboschberg as die seun van Page Chipman en Grace Bosman gebore
- ✓ As kind geniet hy die familievertellings oor sy oupagrootjie
- ✓ *Hy maak 'n blikskuit waarmee hy op die Ebenezer-dam roei; hy toets die boot in die Bo-Letabarivier (vgl. ble. 10 & 34: ervaar dieselfde ekstase as bootsman en stuurman op Mark James se boot)*
- ✓ *Hy voel dat hy met elke tree in sy oupgrootjie se voetspore trap.*
- ✓ *Hy is 'n uithalerskut en jagter. (vgl. bl. 37)*
- ✓ Hy lees boeke oor Suid-Afrika se noordelike buurlande, veral Zambië en die gebiede rondom die Zambezirivier
- ✓ Tydens die onafhanklikheidsstryd word hy lid van die Selous Scouts in Suid-Rhodesië
- ✓ Ná onafhanklikheid jag hy sy eie beeste; *hy skiet met sy oupagrootjie se geweer*
- ✓ *Saans lees hy uit sy oupagrootjie se verweerde Bybel omdat hy eensame of vasgekeer voel*
- ✓ Hy het al minder en later glad nie meer die Bybel gelees nie
- ✓ Hy verloor al sy besittings, ook die familieplaas
- ✓ Hy maak geld uit die karkasverkope en het ook erfgeld in buitelandse banke
- ✓ Hy keer terug na die Houtboschberg en word vervoeroperateur by 'n saagmeule
- ✓ Ná sy ouers se dood het hy daarna verlang om by bekende mense te wees.
- ✓ Baas se drome:
 - bl. 21: Sy Ma probeer die kettinkie met die kruisie oor sy kop hang, maar dit wil nie pas nie (Die kettinkie word 'n *leitmotiv* /leitmotief in die roman, 'n leidende gedagte wat telkens terugkeer)
 - bl. 29: Droom sy pa probee rhom medisyne ingee en hy wil hê sy pa moet platval tydens oorlog

- ✓ Die bougainvillea:
 - bl. 18: “Daar is geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie.”
 - bl. 33: tekens van lewe (blaar- en blombotsels, belofte van kleur, lewendige bas) Simboliek?
 - bl. 36: Baas koop kunsmis om te bemes (groei te bevorder) Simboliek? Nog nuwe lote;
 - bl. 81: Whitey laai Baas en Grace by die bougainvillea af. Simbolies aangesien die plant besig is om te bot?
- ✓ Hy verwyf homself dat hy nie sy ouers ná die eerste aanval op hul plaas uit Zimbabwe geneem het nie.
- ✓ Om te help, loop in die Chipmans se bloed (bl. 23, Mart: “Die ding wat jou pa oor sy kliniek gehad het, is ‘n ding wat in die Chipmans se bloed loop”)
- ✓ Het tydens oorlog na Fires (sy jeugliefde) verlang, maar wil haar nie gaan besoek nie
- ✓ Hy is vrygewig en behulpsaam:
 - bl. 27: gee die taximan ‘n fooi
 - bl. 28 – 30: Gee malariapille vir Manuel se kind, al het hy eintlik net genoeg vir homself gehad;
 - bl. 35/36: koop meliemeel en suiker vir Manuel en sy gesin
 - bl. 43: Hy het malariapille vir Ouma Essie geneem toe Grace siek was
 - bl. 64: Hy trek sy laaste geld om meer malariapille te koop sodat hy mense kan help.
 - bl. 91, Meneer Johnnie se uitspraak: *Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is.*
 - bl. 145: Nadat hy ‘n vlakvark gejag en geslag het, gee hy ‘n blad vir twee ou vrouens
- ✓ Goeie interkulturele verhoudings: eet saam met Manuel uit erdeskottels
- ✓ Hy wou die kerkgebou gebruik as onderdak vir die materiaal wanneer hy sy boot bou.
- ✓ *Hy verkoop vleis soos sy oupagrootjie (vgl. ble. 8 & 37).*
- ✓ *Hy gebruik sy oupagrootjie se Mott-Mauser-geweer (bl. 38)*
- ✓ Om vir die materiaal (vir die herstel van die boot) te betaal, beoog hy om buffels te jag en olifante te skiet.
- ✓ Hy beskuldig die bankies onder die worsboom toe hy die boot daar verby neem, maar belowe om dit te herstel (bl. 40)
- ✓ Hy sê hy is nie gestuur (om die mense van Manaka te help) nie – ble. 43, 94, 126
- ✓ Hy is kwaad oor die sendelinge in sy kamp en Griesel in sy slaaphut is (bl. 82).
- ✓ Hy sê om ‘n sendeling te wees maak nie van ‘n mens ‘n helikopter-pilot nie (= Jy kan nie enige plek land/ gaan bly/ huis opsit) nie.
- ✓ Hy is kwaad oor die khuta die boonste deel van Manaka aan die sendelinge verhuur het. Hy noem die khuta ‘n sirkus en die stampolisieman ‘n hanswors (bl. 92).
- ✓ Insig (bl. 107): “Dit is mos so dat die lewe partymaal sy gatkant bietjie deur jou gesig smeer, miskien somer vier en twintig jaar lank.”
- ✓ Grace se benoeming van die moerasfiskale as Priscilla en Akwilla, sowel as Nanna en die kinders se sang (Amazing grace) herinner Baas aan die verlies van sy ouers en bring sy eensaamheid in skerp fokus. Dit lei daartoe dat hy besef hy het dalk ‘n lewensmaat nodig (bl. 90).
- ✓ Hy wil nie hê Nanna moet bankies onder die worsboom bou nie. (bl. 111) Hy sal dit self bou.
- ✓ Hy wil nie hê Oom Scholtzie moet hom “neef” noem nie.
- ✓ Ouma Essie gee haar oorlede man Joseph se lyfband van fyngevegte voorslagriempies vir Baas

- ✓ Baas wil hê die boot moet hom aan die lewe hou, terwyl die mense volgens Ouma Essie glo dat die boot hulle sal help.
- ✓ Toe hy 'n kind was, het hy sy oupagrootjie in sy gedagtes gewed dat hy die skoelapper sou vang wat die oupagrootjie nooit gekry het nie.
- ✓ Ander beskouing van swart mense as Riekert: noem Grace se naam; Ouma Essie se titel; kwaad oor Riekert net R5 gee nadat hy 'n week by Ouma Essie gebly het.
- ✓ Nanna herinner hom aan Fires, sy jeugliefde (rooibruin hare en sproete)
- ✓ Nanna meen Baas is nie gewoon om sy lewe met ander mense te deel nie; sê ook hy is te ordentlik om waar te wees.
- ✓ Volgens Meneer Johnnie is Chisupo bang vir Baas omdat Baas se krag groter is as die toorkrag van Chisupo
- ✓ bl. 150: Die bosuile se geroep is simbolies van Baas en Grace se ontluikende verhouding
- ✓ Hy is fyn ingestel op die natuur en die gevare wat dit inhou (vgl. bl. 154 en sy bewuswording van die dreigende gevaar van die olifante)
- ✓ Griesel meen Baas loop met 'n wrok in hom rond (oor die moord op sy ouers?)
- ✓ Die lied Blye verseekring wat Nanna -hulle tydens die Nagmaalsdiens sing, herinner hom aan sy kinderdae.

Die kontekstuele vraag

Teks 1

1 "Julle! Julle pla!" vertaal Baas
 2 "Dis nie nodig om vir my te sê wat jy gesê het nie! Dis nie ons wat jou
 3 pla nie. Ke Modimo, lesogana. Dit is die Here, jongman, " sê sy in die
 4 taal van haar kinderjare.
 5 Baas onthou die dag onder die worsboom, ná die vergadering met
 6 die sendelinge, toe dit gelyk het of ouma Essie se kerie nie sterk
 7 genoeg is nie en hy haar opgehelp het. Die drome wat die kinders van
 8 die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy
 9 daardie dag gesê.
 10 Ouma Essie stuur Grace om Griesel en meneer Johnnie te gaan
 11 roep. Baas sit die vasmaaktoue vir die kerk se balke op die Land Rover.
 12 Die honde loop druiptert terug na hulle koelteplekke toe. Hulle weet
 13 hulle gaan nie saam nie.

14 Met die vat van die winter leer Baas en ouma Essie vir Grace biltong
 15 maak. Die blouwildebeestroppe wat noordwaarts trek vir hulle jaarlikse
 16 migrasie op die vloedvlaktes van Miuwa, word meer. Tussen die
 17 hoekbakens kom ook die koppe van 'n swartwitpens, 'n bastergemsbok,
 18 'n waterbok en 'n koedoebul met 'n volle twee en 'n halwe draai in sy
 19 wye horings.
 20 Wanneer die tyd vir jag min is, karwei Grace vir Baas met haar
 21 mukolo oor die rivier waar die rietboktrappe langs die inhamme en
 22 systrome loop. Die vleis word stuk-stuk oor die stiller water geroei.

1. Na wie verwys Baas in reël 1 as “Julle!”? (1)
2. Watter tema van die roman word deur ouma Essie se woorde in reëls 2 – 3 opgeroep? (1)
3. “Die drome wat die kinders van die Here droom ...” (reël 7 – 8)
- 3.1 Watter droom/ ideaal het Baas gekoester? (2)
- 3.2 Waarom kon daardie droom nie verwesenlik word nie? (1)
- 3.3 Watter droom het die Here, volgens ouma Essie, vir Baas gehad? (1)
4. Wat was die redes vir die uiterlike konflik tussen Baas en Griesel? (2)
5. Wat is die funksie van die tipografiese wit tussen reël 13 en 14? (2)
6. “Wanneer die tyd vir jag min is ...” (reël 20)
- 6.1 Met watter doel wou Baas jag nadat hy op Manaka aangekom het? (1)
- 6.2 Watter rol het die khuta gespeel om Baas se doel met die jag te veryd? (2)
7. Vanaf reël 17 – 19 word na die horings van verskeie diere verwys. Wat is die simboliek van die horings in die roman? (1)

Teks 2

1	Onderkant Manaka, waar die water oor die rotsbodem spring, is
2	daar nie plek om met ‘n mukolo deur te gaan nie. In Grace se mukolo
3	gaan hulle al in die stil water langs teen die rivier op na die sandbanke
4	toe waar die stroom rustiger is. Sy bring hulle veilig aan die oorkant.
5	“As ‘n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself,” sê
6	Baas ingedagte.
7	“Dit is hoe dit is, meneer Baas. ‘n Bietjie van my huil is ook oor
8	myself.”
9	Hulle sleep die mukolo tussen die riete in tot op hoër grond.
10	“Jy moenie weer vir my ‘meneer Baas’ sê nie, “ sê hy.
11	“Dit is soos die gewoonte hier rond is. Ek sal nie weet hoe anders
12	om te praat nie.”
13	“Sê net ‘Baas’. Dit is wat my naam is.”
14	“Ja, Baas, “ sê Grace.
15	Hulle loop agter mekaar in ‘n olifantpad teen die rivier af om na die
16	boot wat in ‘n baie ou kanaal vasgespoel het, te gaan soek.

8. Wat is simbolies daaraan dat Grace vir Baas help om die bakies klaar te maak? (2)
9. Verduidelik hoe hierdie stemming in reël 4 – 6 Baas se gemoedstoestand ondersteun. (2)
10. Waaroor het Grace volgens reël 7 gehuil? (1)
11. Wat is die geïmpliseerde betekenis van Grace se woorde “Dit is hoe dit is ...” (reël 9) wat ook in die opdrag van die roman voorkom? (2)
12. Wat is die betekenisverskil tussen die gebruik van die woord “Baas” in reël 10 en reël 13? (2)
13. Wat is die implikasie van Baas se uitspraak in reël 10? (1)
14. Watter afleiding kan uit die gebeure in reël 15 – 6 gemaak word? (1)

[25]

Die Opstelvraag

In *Manaka, plek van die horings* leer ken die leser karakters wat teenoorgestelde kante van menswees verteenwoordig.

Skryf 'n goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy krities bespreek of jy met bogenoemde stelling saamstem al dan nie deur te verwys na Baas, die khuta, Griesel en Nanna. Verskaf ook jou mening of die karakteruitbeelding oortuigend aangebied is of nie.

Vatmaar

Hersien die inhoud

Assosiasiespeletjie

Koerantberig: watter feite moet in die volgende berigte voorkom?

- 1. Oom Chai: 'n leier soos min!**
- 2. Sus Bet en Oom Flip: van swaarkry tot voorspoed**
- 3. 'n Hof wat regverdig is: Tant Wonnie en die magistraat**
- 4. Kaaitjie ly onskuldig**
- 5. Ontwikkelinge op Vatmaar**
- 6. Verlore liefde: die geheim van die pen-graf**

Profiel van die Tant Wonnie

- ✓ Duitse Baster/ Rehoboth-Baster; een van Vatmaar se eerste intrekkers
- ✓ Sy wys die erf aan waar die Sendingkerk gebou moet word; sê dat die gemeenskap self die erf moet koop en reël ook hoe die geld vir daarvoor ingesamel moet word. (bl. 31 – 32)
- ✓ Sy en haar dogters die mooiste vroue op Vatmaar
- ✓ Min besit; op ander se genade in 'n buitekamer gebly wat voorheen aan hulle behoort het – het al haar besittings verloor terwyl sy vir Sannah Vosloo opgepas het; slaap op diervelle op die grond; hulle put aan 'n buurman verkoop, maar mag gebruik; koei dood en kalf is geslag; put aan buurman verkoop; deel put se water met almal

- ✓ Gee wilde knoffel vir winterverkoues en borskwale; wou nie sê hoeveel medisyne kos nie. “Gee wat jy wil.”
- ✓ Bereid om enigets met andere te deel.
- ✓ Bid soggens en saans; Leef in dankbaarheid teenoor God
- ✓ Eet net een keer per dag
- ✓ Kon nie lees nie, maar glo die Bybel sonder om te bevraagteken
- ✓ Sy was “uitgehonger na die Woord van God”
- ✓ Wasvrou; is weinig met geld vergoed vir werk wat sy gedoen het
- ✓ Inwoners jaloers: versprei stories oor haar; misbruik haar goedheid
- ✓ Sy was van ‘n hoër statuus as die mense vir wie sy gewerk het
- ✓ Om skoon te lewe was vir haar die vernaamste ding
- ✓ Hart van goud; vreesloos in haar naasteliefde
- ✓ Martha/Settie September beskuldig haar dat sy ‘n trouing gesteel het.
- ✓ Sy kon nie uit haar linkeroog sien nie omdat ‘n perdeby haar jare gelede daar gestee het.
- ✓ Simboliek van die traan uit die oog wat nie kan sien nie: teken van weemoed; onskuldige lyding
- ✓ Loop met een skoen voor die perd-poliesman om van diefstal aangekla te word: “... as ek aan kerkdinge dink, dan vat dit my gedagtes van my voete af ...”; sê die Onse Vader op.
- ✓ As sy hoop verloor dat haar gebede beantwoord sal word, sê sy “Die Here weet beter...”
- ✓ Herinnering aan haar man se poskaart uit die oorlog laat haar besef God woon binne-in haar; het God gevind “Ek is nie meer ‘n soeker nie.”
- ✓ Sy was Sannah Vosloo se vriendin, verpleegster en bediende
- ✓ Kry twee halfkroner by Piet de Bruin omdat sy sy suster opgepas het
- ✓ Piet de Bruin probeer haar terugkry omdat sy sy attenties verwerp het
- ✓ Sy weier om mielies in die sel te eet omdat sy nie alleen kan eet nie
- ✓ Sy leer haar dogters hulle “... moet dankbaar wees vir die bietjie want as die baie eendag kom, sal ons weet om dit te waardeer.”
- ✓ Sy vertel haar lewensverhaal aan die magistraat en hy beveel dat sy ‘n nuwe paar skoene, ‘n rok, vervoer terug huis toe, kos en ‘n dag se loon ontvang. Ook ‘n trousertifikaat en ‘n oorlogsweduwee-pensioen.
- ✓ Tant Wonnie se eer is in die hof herstel, maar nie in Vatmaar nie.
- ✓ Die magistraat beskryf haar as “So very feminine ...”
- ✓ Mev Pienaar kon sien Tant Wonnie is vir niemand bang nie.
- ✓ Mev Pienaar beskou Tant Wonnie as een van die “amper-baas hotnots”
- ✓ Let op: parallelle tussen Tant Wonnie en Suzan se liefdesverhale

Die kontekstuele vraag

Teks 1

1 Dit was die Sondag voor die eerste Woensdag van die maand, die
2 derde pensioendag in Yvonne Müller se lewe. Dit was haar oudste
3 dogter Kaaitjie se dag af. Haar maand af en haar dag af was dieselfde
4 as dié van 'n plaaskneg. Sy het een Sondag in die maand afgekry. Die
5 ander drie Sondae moes sy buite die kerk wag tot die Bosmans by wie
6 sy gewerk het, uit die diens kom. Dan moes sy die kinders se hande vat
7 asof hulle sal verdwaal. Maar eintlik was dit om die gemeente die
8 Bosmans se status te laat sien. Sy moes die kar se voordeur vir Miesies
9 Ollie Bosman oopmaak om in te klim, en dan weer toemaak as sy eers
10 sit, en dan wag tot die miesies vir haar met die kop knik. Dan moes sy
11 die agterdeur oopmaak, die twee kinders laat inklim, die voordeur
12 toemaak en wag dat die kar wegtrek.

13 Daarna moes sy na haar buitekamer terugloop en daar wag tot sy
14 geroep word om haar kos op die vensterbank te kom vat.

15 Die vierde Sondag was haar dag af. Dit het met sonop begin en met
16 sononder geëindig. Haar loongeld het sy die Saterdag al gekry want die
17 Bosmans het geglo dis verkeerd om op die dag van die Here met geld te
18 werk. Net soms het die laaste Sondag op die laaste dag van die maand
19 geval.

20 Hierdie Sondag het sy later as gewoonlik in die pad geval en niks
21 saamgevat nie, want haar ma het gesê: Kaaitjie, my kind, van nou af
22 spandeer jy jou loon op jouself. Sy het eers gewag om te sien of Kenny
23 nie sal kom nie, gehoop en gewag vir sy omhelsing. Ek wens, ek wens,
24 ek wens, het sy aanmekaar gedink. En dan weer: Laat ek maar wag. Sy
25 het gewens, gehoop, verlang, gebid dat niks met haar Kenny gebeur het
26 nie. Niks was meer dieselfde van daardie vervloekte middag af wat
27. Suzan opgedaag het met die nuus oor haar ma nie.

- 1.1 Watter soort verteller kom in hierdie uittreksel voor? (1)
- 1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in 'n roman? (1)
2. "die derde pensioendag in Yvonne Müller se lewe"
- 2.1 Verduidelik kortliks waarom Yvonne Müller op hierdie pensioen geregtig was. (2)
- 2.2 Wat was haar inkomstebronne voordat sy hierdie pensioen ontvang het? (2)
3. "Die ander drie Sondae moes sy buite die kerk wag ..." (reëls 4 – 5)
Verduidelik kortliks hoe hierdie aanhaling skakel met die tema van die liefde
wat in die roman voorkom. (2)
4. Herlees reël 7 tot reël 12. Watter karaktereienskappe van Mevrouw Ollie Bosman
word in hierdie reëls geïmpliseer? (1)
5. "Miesies Ollie Bosman" (reël 9).
In die roman word kwetsende aanspreekvorme soos Miesies en Baas gebruik.
Dink jy hierdie aanspreekvorme is gepas? Motiveer jou antwoord deur na die
historiese tyd van die romangebeure te verwys. (2)
6. Verduidelik die dramatiese ironie in die onderstreepte sin in reëls 24 – 26. (2)

7. In reëls 26 – 27 lees ons: “daardie vervloekte middag .. wat Suzan opgedaag het met die nuus oor haar ma ...”
- 7.1 Watter nuus oor haar ma het Suzan daardie middag gebring? (1)
- 7.2 Watter gebeurtenis het aanleiding gegee tot hierdie “nuus” oor haar ma? (1)
- 7.3 Watter rol het Kenny op daardie vervloekte middag gespeel? (1)
- 7.4 Waarom beskryf Kaaitjie dit as ‘n “vervloekte middag”? (1)
8. Waarom sou Kenny se ouers nie tevrede wees met die liefdesverhouding tussen hul seun en Kaaitjie nie? (1)

Teks 2

1 Toe haal sy ‘n kers uit en steek dit aan en vat die lantern, lig die glas op en
 2 blaas die lig uit en gee dit vir Missus Wingrove: Asseblief, aanvaar dit as my
 3 dank.
 4 Dit was of die twee vroue se harte een was want hulle gevoelens was
 5 dieselfde. Ek sê ook baie dankie, het Missus Wingrove gesê.
 6 In haar enigheid het Suzan gedink: Die Here is goed, maar nou gee my Ma-
 7 Ma dan weg wat Hy vir ons gegee het!
 8 Suzan, sê Missus Wingrove, steek asseblief vir jou Antie die lamp op. Toe
 9 Suzan vir haar die brandende lantern aangee, sê sy: Dankie. Vat dit vir jou,
 10 my kind, ook met ‘n ope hart.
 11 Dankie, Antie Wingrove, het Suzan gesê en die lantern terug gehaak aan die
 12 draad waar dit gehang het. Toe het sy die kers met haar vingers gesnuut. want
 13 die mense het gesê om ‘n kers met jou mond uit te blaas, is om die lig uit die
 14 huis uit te blaas.
 15 Sy het die ou vrou omhels en haar van haar stoel af opgelig en gesoen want
 16 sy was baie klein.
 17 Jy druk my wind uit, het Missus Wingrove laggend gesê.
 18 Baie dankie, Antie Wingrove, het Suzan weer gesê. Ek sal mooi agter dit kyk.

9. Watter simboliese uitspraak oor lig het tant Wonnie gemaak nadat sy die lantern gekoop het? (2)
10. Beskryf die verhouding tussen Tant Wonnie en Missus Wingrove. (2)
11. “Ek sal mooi agter dit kyk” (reël 18)

Verduidelik die ironie van hierdie woorde deur na die afloop van die romangebeure te verwys. (3)

[25]

Die Opstelvraag

In Vatmaar leer ken die leser karakters wat teenoorgestelde kante van menswees verteenwoordig.

Skryf ‘n goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy krities bespreek of jy met bogenoemde stelling saamstem al dan nie deur te verwys na Oom Chai, Ma Khumalo, Settie September en Mevrou Bosman. Verskaf ook jou mening of die karakteruitbeelding oortuigend aangebied is of nie.